PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

29 Januarie 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Spesiale welkom aan al Hoogland se jongmense by die afskop van GVG vir 2023!

29 JANUARIE 2023
09:00 @ HOOGLAND

Indien jy vanoggend 'n **besoeker** is hier by Hoogland vertrou ons dat vanoggend se diens vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees.
Indien u 'n **nuwe intrekker of -lidmaat** in die gemeente is:

Baie welkom - Mag Hoogland u geestelike tuiste word.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet 'n leraar na die diens voor by die preekstoel. Neem in die brosjurevakkies 'n ***"Nuwe Lidmate"*** koevert of stuur 'n e-pos na annalize@pehoogland.co.za.
Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by www.pehoogland.co.za onder *EK WIL…* en dan '*N LIDMAAT WORD* en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

Baie Welkom : Program van die dag

09:00 Oggenddiens met Lofkabouters
GVG Mentors voorstelling
10:00 GVG Ouerontmoeting & Groepindeling in die kerkgebou

18:30 Week van Gebed

Deurkollekte: PE Noord

Geloofsvormingsgroepe (Kategese) 2023

Alle GVG ouers ontmoet asseblief Sondag direk na die oggenddiens in die kerkgebou vir die groepindeling en 'n ontmoetingsgeleentheid met die leraars. Baie dankie aan die volgende mentors wat hierdie jaar die geloofspad saam met Hoogland se kinders sal stap! Die mentors is :

Gr 1 - Tanya Venter
Gr 2 - Ezelle van Staden
Gr 3 - Moira Olwagen
Gr 4 - Carla Botha
Gr 5 - Hannelie Harmse
Gr 6 - Sulene Nel
Gr 7 - Daleen Harris
Gr 8 -
Gr 9 - Wynand Human
Gr 10 - Sanet Nel
Finale Fase - Gerhard Buytendag

Mag dit 'n wonderlike jaar wees en mag elke jongmens die vrug van die GVG geniet. Hoogland se gebed is dat u as ouers sal hande vat en met groot opwinding en positiwiteit saam met u kind se mentor hierdie jaar sal stap.
U is enige tyd welkom om met enige van die leraars kontak te maak as u enige bekommernis het. Hulle deure sal altyd oop wees.
GVG ouers: voltooi asseblief ook die aanlyn inligtingsvorm wat per *Whatsapp* uitgestuur is. Voltooi asseblief slegs EEN vorm vir elke kind in u huis!

Hout beskikbaar

Hier is nog droë doringhout @ R35/sak. Ondersteun asseblief Pearston gemeente.
Kontak vir Annalize / Leon in die kerkkantoor as jy belangstel in hout en om reëlings te tref vir die afhaal van die hout!

Hoogland sê baie dankie vir al die skryfbehoeftes wat ontvang is vir MTR Smit asook vir die ruim skenking vir die Noodspens se koskas!
Dit word werklik uit die hart uit waardeer!

Bring asseblief enige leë, skoon twee - of vyf liter roomyshouers na die kerkkantoor.

Week van Wysheid

Kom sommer gemaklik net soos jy van die werk af kom en kom leer saam uit Spreuke oor wysheid! Daar sal lekker koffie vóór elke byeenkoms wees.

Hoogland gemeentekamp

Die Hoogland-familie gaan weer kamp!

17 - 19 Maart 2023 te Innikloof (14 km buite Hankey)

Kostes beloop R150 / volwassene per nag & R70 / kind per nag
Bespreek by Leandra in die Kerkkantoor :

- Stuur 'n epos na - leandra@pehoogland.co.za
- Skakel Leandra in die kantoor - 041 367 1485
- Stuur 'n *Whatsapp* - 079 815 9325

Bewys van betaling kan gestuur word na leandra@pehoogland.co.za met verwysing KAMP+ jou naam

Hoogland *Whatsapp* groep

Indien u nog nie weekliks die Hallo.Hoogland of enige ander kommunikasie tesame met al die skakels vir die eredienste per *Whatsapp* ontvang nie, volg asseblief die volgende stappe.

- Stoor 079 815 9325 as Hoogland se *Whatsapp* nommer
- *Whatsapp* asseblief u naam, van en selfoonnommer na hiérdié nommer

Uit die Hart

Het jy al ooit Jan Pierewiet op My Sarie Marais se wysie probeer sing? As jy nog nie het nie, probeer gerus. Indien jy dit regkry sal ek graag wil hoor. Die punt is: dit sukkel.

Dit is ook waar van die lewe: wanneer ons probeer om op 'n ander wysie as wat God gegee het, die lied van die lewe te sing, sukkel dit. Ons kom agter dit wil nie vloei nie. Daar is vals note. Soms sommer 'n hele kakofonie wanneer ons probeer sing op die wysies van die leefwêrelde waarbinne ons beweeg: eet hierdie; los daardie; kry so iets; beleef dit een keer in jou lewe; maak so; drink dit; neem dat.

In Spreuke 3:13-20 onderbreek Salomo homself terwyl hy aan sy kind wysheid leer vir die lewe. Salomo begin op die ritme van musiek sing oor die waarde van wysheid met die hoop dat dit soos 'n gunsteling lied / stuk musiek vandag, sy kind (en ons) sal motiveer om wysheid te soek, daaraan vas te hou en op daardie wysie te leef.

Henry Ward Beecher skryf die volgende oor die waarde van wysheid:

" Fluister net vir die mense dat daar iewers in 'n kloof of op 'n koppie 'n nuwe goudaar ontdek is, en dan sal 'n horde immigrante daarheen storm. Sê net vir die mense dat daar in die berge diamante verborge is, en hul sal die berge omdolf om daarna te soek. En al kan net een uit duisend dit ontdek, sal elkeen van daardie duisend dink dat hy die gelukkigste persoon is.

Die Woord van God leer ons dat kennis van God beter is as edelstene; dat goud en silwer nie daarmee vergelyk kan word nie; en dat ons vir God moet soek sodat ons die verborge skatte kan bekom: meer nog as wat mense na goud en silwer en edelgesteentes soek - en met groter beloning."

"Week van wysheid 2023" is om ons toe te rus, seker te maak ons leef *in tune* en op ritme met God met praktiese, alledaagse goed van ons lewe. Ek hoop ons hou wysheid se hand styf was, soos 'n verliefde paartjie wat die eerste keer mekaar se hande aanraak en nie wil los nie...

Ds Pieter